**REDAKSIONEEL**

## DIE G.T.V. JAARVERGADERING

IN hierdie uitgawe verskyn drie voordragte in die volgorde waarop hulle op die Jaarvergadering te Ontdekkers gelewer sou word. Dr. K. S. van Wyk de Vries moes vanweë die begrafnis van sy skoonvader onvermydelik laaste aan die woord kom. Sy voordrag (gedeeltelik by J. H. van Wyk herhaal) wys inleidend op die geskiedenis van die sogenaamde „korrespondensie"-aangeleentheid en op moontlike vrae en vraagtekens wat by hierdie tyd begin opduik.

Dit ly geen twyfel nie dat ons in hierdie eeu van 'n kleingeworde wêreld op allerlei wyse met die ekumeniese vraagstuk oor lands- en volkgrense heen te doen kry. Die vraagstuk is selfs by menige huweliksluiting aktueel wanneer bruidegom en bruid van verskillende „kerkgroepe" is. Daarmee dien die vraag hom nog meer intiem aan elkeen persoonlik op: Hoe sien jy die kerk waarvan jy lidmaat is? Is dit een van *kerkgroepe* of is dit nog *kerk* — en kan jy dit verantwoord?

Die onderwerp wat die G.T.V. Jaarvergadering besig gehou het, is dus uiters aktueel. Dit is vandag in die mode. — Dit is vandag in die branding met allerlei vraagstukke oor die aanknoop en beeindiging van „korrespondensie". — Dit kom gedurig en soms ongurig na vore in interkerklike verhoudinge in Suid-Afrika. — Dit vreet miskien al aan die wortel van gereformeerde kerk- en roepingsbesef. Indien 'n mens vandag selfs aan predikante sou vra *waarom nog gereformeerd?*, wonder 'n mens wat die antwoorde sou wees. Dit is immers so dat die organisatoriese gebrokenheid opvallend is — terwyl die innerlike motivering daarvoor òf bevraagteken òf selfs geïgnoreer kan word.

*In die Skriflig* bied graag hierdie referate aan en stel homself verder beskikbaar vir diskussie oor hierdie aktuele aangeleentheid. Indien u wenke wil gee hoe die Hoofbestuur die aangeleentheid D.V. in 1973 verder kan laat uitpluis, kan u gerus 'n wenk pos aan ds. P. W. Bingle.

*Administrasie:* Die Sekretaris van die Hammanskraalse Teologiese Skool, *mnr. H. J. Coetzee,* het ingewillig om die administrasie van ons tydskrif te behartig.

Die Redaksie vestig die aandag op die laaste bladsy van die vorige uitgawe en erken met dank die milde donasies van kerkrade wat hierdie publikasie gedurende 1972 in diens van die Gereformeerde teologie moontlik gemaak het.

B.S.